

VARSWATERDIERE (C)

Graad 5



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bekend te stel aan die dierelewe in en om ons varswaterbronne.
2. 'n Liefde en waardering vir die skepping te kweek.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die skeppingsverhaal in Genesis 1:25 - 30 lees en kortliks bespreek.
2. Alle diere in en om die water besigtig en bespreek.
3. **DRIE** uit die **vyf** groepe kies, die opdragte uitvoer en verslag lewer.

Insekte

Maak kennis met twee voorbeelde. Die studie word gedoen onder die volgende opskrifte:

- waar die insek voorkom.
- hoe lyk die habitat waarbinne hy leef.
- besondere kenmerke en sy bou.
- weet wat is sy waarde in die natuur.
- Klassifikasie.

Visse

Minstens vier varswatervisse op prente uitken:

- weet wat elkeen se groepnaam is.
- weet waar die betrokke visse voorkom en op 'n kaart aandui.
- kennis dra van hul eetgewoontes.
- besondere kenmerke en sy bou.

Reptiele

Weet wat is die verskil tussen 'n land- en waterreptiel:

- kennis maak met minstens twee waterreptiele
- die krokodil bestudeer onder die volgende opskrifte:
 - ♦ sy habitat.
 - ♦ sy vyande.
 - ♦ sy voedsel en die wyse waarop hy dit bekom.
 - ♦ sy voor- en nadeel vir die mens.
 - ♦ sy voor- en nadeel vir die natuur.
- Klassifikasie.

Amfibieë

Maak kennis met 'n amfibiese dier:

- weet wat is 'n amfibiese dier en noem 'n paar voorbeelde.
- weet hoe amfibieë en ander waterdiere van mekaar verskil.
- weet van die metamorfose wat hy ondergaan.

- ◆ sy habitat.
- ◆ sy vyande.
- ◆ sy voedsel en die wyse waarop hy dit bekom.
- ◆ sy voor- en nadeel vir die mens.
- ◆ sy voor- en nadeel vir die natuur.

Watervoëls

Vier watervoëls uitken:

- weet hoe water- en landvoëls se bou van mekaar verskil.
- kennis neem van die aanpassings van pote en bek by hul leefwyse.
- 'n studie maak van een soort onder die volgende opskrifte:
 - ◆ weet waar hy voorkom.
 - ◆ vasstel of dit 'n roof- of swemvoël is.
 - ◆ weet wat sy broeigewoontes is.
 - ◆ bewus wees van die voor- en nadele vir die natuur en die mens.

Soogdiere

Bespreek die seekoei as soogdier van ons varswater. Gebruik die volgende as riglyn:

- die seekoei se habitat.
- daaglikse en sosiale gewoontes.
- sy eetgewoontes en spyskaart.
- sy vyande.
- die seekoei as gevaar vir die mens.
- die seekoei se nut in die natuur.

Neem kennis van nog 2 watersoogdiere.

C AANBIEDING

1. Voorbereid wees met 'n aantekeningboek, skryfgoed en miskien 'n veldgidsboekie. Voldoende persoonlike beskerming teen die elemente en insekte. Entoesiasme vir die uitstap in die natuur.
2. Vereiste 1. Die Genesisverhaal is die bekende skeppingsverhaal, maar u kan ook ander gedeeltes in die Bybel gebruik om die boodskap oor te dra. Die kind moet besef dat alles op aarde geskep is en net tydelik aan ons sorg toevertrou word.
3. Vereiste 2. U kan self besluit of u die teorie of die prakties eerste doen. Alle diere wat bestudeer moet word, sal seker nie altyd beskikbaar wees nie en u sal soms van prente, foto's of video's gebruik moet maak.
4. Vereiste 3. Die vereiste is drie uit die vyf groepe, maar niks verhoed u om meer te doen nie. Hou egter net by al die vereistes van elke afdeling.
5. Dink aan oorspronklike maniere hoe om die kind die studiestukke/verslag te laat doen, byvoorbeeld in 'n kursusboek, groot plakkaat, flitskaarte, uitstalling, skyfiereeks of rekenaar aanbieding.